



Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans
Jaargang 15, Nommer 2, Julie 2011

Doendinge vir Afrikaans
NUUSBRIEF

Amanda de Stadler

Redakteur

Phia van der Westhuizen

Administrasie

Nolte Smit

Medewerker

Milano Drukkers

Bladuitleg en drukwerk

Kantoor sake

1. Jaarvergadering: Ons het op 17 Junie 2011 ons algemene jaarvergadering gehou. Ons jaarverslag is op ons webwerf beskikbaar, of jy kan ook 'n kopié by die kantoor aanvra.

2. Jacana Books: Baie dankie aan Carol Broomhall vir die pragtige boeke wat sy vir ons geskenk het. Ons gebruik dit lustig op Dinsdagoggende wanneer ons 'n voorleesuur het vir kleuters. Die VVA en die ATKV en LAPA deel hierdie projek waarmee ons wil help om kinders van kleins af lief te maak vir stories en boeke. Loukie, die leeshonger leeu, is 'n handpop wat ons hiermee help.

Hierdie projek kan maklik deur individue wat wil help met leesbevordering in hulle omgewing nage-aap word. Gaan na jou plaaslike kleuterskole of laerskole en vra of jy vir een uur per week vir die kinders kan kom stories lees. So maklik soos dit! Jy kan selfs 'n groep vriende vra om jou hiermee te help.

3. On the Dot: Nogmaals dankie aan Elsa den Haan vir die boeke wat ons ontvang het om te versprei. Ons het nog boeke wat geskik is vir hoërskoolleerders. (*Kinders van Afrika* – kortverhaalbundel saamgestel deur Charles Fryer; *Onderhoud met 'n bobbejaan* – drama deur TT Cloete; *Onder die reënboog* – poësiebloemlesing saamgestel deur NJ Snyman en *Aku vang 'n ster* – drama deur Nico Luwes) As julle weet van skole wat die boeke sal gebruik, kontak ons met 'n posadres en ons sal 'n plan maak om dit by die skole te kry. Baie dankie aan almal wat reeds reageer het.

(vervolg op bladsy 2)

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Banghoekweg 115, Stellenbosch
7600

Posadres:

Posbus 3256, MATIELAND 7602

Telefoon:

021-808 3744 / 3745

Faksnummer:

086 617 1287

E-posadres:

vvafr@sun.ac.za

Webtuiste:

www.vriendevanafrikaans.co.za

Bank:

NEDBANK, Stellenbosch

Rekeningnaam: Vriende van
Afrikaans

Rekeningnommer: 1071 318 578

Takkode: 10-71-10

Nie-winsgewende
organisasie:

042-640-NPO

LEES BINNE:

BI 4: Nuutste oor die Eugène Marais Stigting.

BI 6: Musiek op die Kaapse Vlakte.

BI 7: Afrikaans staan sy man!

BI 9: Nuus oor die Afrikaanse Taalraad.

Onthou : Koop-'n-Afrikaanse-boekdag op 13 Augustus 2011!

Vul die ingeslote vraelys in en wen 'n pragboek!

4. Koop-'n-Afrikaanse-boekdag op 13

Augustus: Neem grootasseblief hierdie jaar weer deel aan hierdie dag waarby lesers, skrywers, boekwinkels en uitgewers baat. Al die groot kettingboekwinkels neem deel, RSG gaan ons help en *Die Burger* druk vir ons plakkate. In die Augustus-uitgawe van *Rooirose* verskyn daar 'n interessante artikel oor hierdie dag. Jy kan dus nie anders nie, jy moet op 13 Augustus 'n Afrikaanse boek gaan koop, vir jousef of om vir iemand present te gee. Dis 'n lekker manier om iets vir Afrikaans en sy mense te doen.

5. Johan Combrink-gedenklesing: Op Donderdag 9 Februarie 2012 is prof Jonathan Jansen, die rektor van die Universiteit van die Vrystaat ons spreker. Dit sal 'n baie interessante aand wees, so moenie vergeet nie.

6. Uitgebak wees: As jy wil weet waar die uitdrukking vandaan kom, kontak Johan Nothnagel oor sy boek "Ou spreekwoorde deur 'n nuwe bril" (R139) by 021 976 0340 of 082 546 9140. Ons het in 'n vorige uitgawe oor hierdie boek geskryf, maar verskaf nou gerieflikheidshalwe ook telefoonnommers.

7. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases: Van hierdie woordelys van die VVA en die WAT het daar sedert Maart 2011 meer as 1750 kopieë verkoop met 'n verdere 1000 op bestelling deur *Leserskring*. Hierdie boekie is te koop by boekwinkels teen R99. Dis 'n handige hulpmiddel vir besoekers, maar veral ook vir tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans.

8. Vespers van Rachmaninof: Ons is baie trots op hierdie projek wat lof uit alle oorde ontvang. Moenie die kans laat verbygaan om 'n CD by ons te koop nie.

Gennady Tihonof woon naby Moskou en skryf as volg oor die CD: We have received CD Rachmaninof from Chris ('n vriend wat vir hom een gepos het). Performance was beautiful! We listen to this CD also in designer office (die skrywer is 'n ontwerper) at work and some of my collaborators made copies of ours. I and all we thank you for translation in Afrikaans. I think it is wonderful when the best models of culture of one people become as property of other people. It is one of the moments of modern civilizations development in the world where too much of hatred and lack of understanding is.

Prof Chris Lamprecht skryf uit George: Ek het

so pas die voorreg gehad om na die Afrikaanse weergawe van die Vespers van Rachmaninof te luister. Hartlik dankie dat u hierdie grootse musikale monument ontsluit het aan die Afrikaanse gemeenskap. Ek is daarvan oortuig dat hierdie voortreflike uitvoering van Leon Starker 'n wye invloed op ons koormusiek – veral Afrikaanse kore – gaan hê. Baie geluk met hierdie baken wat u daargestel het in ons kultuurlewe. Dit is iets waarop ons trots is.

GRENSOORLOGSTORIES

deur Jeanette Ferreira

In die afgelope paar jaar was daar hernieude belangstelling in die Grensoorlog, soos romans, dramas en niefiksie getoon het. Hierdie oorlog is aktief deur mans beleef en – eintlik ook aktief – deur vroue en kinders wie se geliefdes op die Grens was.

Ek stel 'n bundel kortverhale saam oor die Grensoorlog en nooi jou graag om 'n verhaal voor te lê. Besonderhede is soos volg:

- **Titel:** Grensoorlogstories
- **Uitgewery:** Litera Publikasies (Theresa Papenfus se vaandel).
- **Ideale aantal woorde:** 3000.
- **Sperdatum:** 31 Desember 2011.
- **Beplande publikasiedatum:** 30 Junie 2012.
- **Vergoeding:** Tantième, pro rata per bydraer, bereken op aantal woorde, bereken op 10% van die groothandelprys. Plus een gratis eksemplaar per outeur.
- **Aantal verhale:** 'n maksimum van drie verhale sal oorweeg word en 'n maksimum van twee verhale sal gepubliseer word.
- **Aard:** Geen beperking nie. Satire en humor is byvoorbeeld ook welkom.
- **Adres:** Stuur verhale as 'n aanhangsel, nie as 'n boodskap nie, aan Jeanette Ferreira by deerpark@vodamail.co.za

(Kontak jeanette@proteaboekhuis.co.za)

Vra Vriendelik vir Afrikaans

Alana Bailey, Uitvoerende Adjunkhoof van Afriforum sê haar sê. (geskryf op Solidariteit se blog)

Die temalied van vele Suid-Afrikaners, en helaas veral ook vele Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, is dat “Afrikaans se dae getel is omdat dit nie internasionale taal is nie”. Tans ignoreer al wat staatsdepartement is, om nie van instellings soos die IoD en die FSB te praat nie, Afrikaanssprekendes se taalregte blatant. Studente moet behoorlik baklei om aan Afrikaanse universiteite in Afrikaans te kan studeer. Maar ten spyte van al die slegte nuus en minagting van ons taal, hoor jy steeds van mense wat – om dit nou reguit te stel – vreesloos Afrikaans bly en geen tree hoof terug te staan vir hulle “oh so very English” Afrikaanse kompetisie nie. Wanneer ek ry, kyk ek uit vir lekker Afrikaanse besigheidsname – van die “Koffie en Katel” bed-en-ontbytplek doer ver, tot by Skitterblink Wassery in Stellenbosch en Papnat Besproeiingsdienste in my eie buurt.

Verlede week luister ek toevallig na gesprek op Classic FM met Diners Club se Wynmaker van die Jaar – Bartho Eksteen van Hermanuspietersfontein wyne. Hy vertel van die boere van die Hemel-en-Aardevallei wat in die vroeë 1800s hulle eie plaasskole begin het om te voorkom dat hulle kinders in Engels moet skoolgaan – Hermanus Pieters was een van dié skoolmeesters (lees die geskiedenis by www.hp1855.co.za). Hierdie wynplaas herdenk die historiese erfenis en is die enigste kelder wie se wynname en -etikette net in Afrikaans beskikbaar is. Die storie het my gefassineer en ek het Bartho geskakel. Daar is ook lekker onderhoud met hom gehou vir Dinsdag Forum (www.solidariteitradio.co.za) op 29 Maart 2011. Bartho vertel hulle verkoop nou al wyn in 9 lande oorsee, insluitend Engeland en Swede. Daar was nog geen klagtes oor die taal op die etikette nie en hulle bemerkers aldaar dink dit verleen kleur aan hulle produk. Ironies genoeg was die mense wat die negatiefste oor die idee van Afrikaanse name en etikette was, volgens hom Afrikaanssprekendes. Hulle het hom probeer oortuig dit gaan die wyne se internasionale bemarkingspotensiaal knou, en dus het hy die eerste bottels wat na Swede gestuur is, van boekie voorsien wat om die bottels se nekke vasgemaak is en in Engels vertel het oor die wyn. Die Sweedse bemarker het hom egter laat weet dis onnodig en

nou word die boekie nie meer gebruik nie. Steeds groei sy mark en wyne met name soos Bloos, Swartskaaap en Kleinboet staan op die voorste tafels in Europa en wen prys op prys.

By Bartho en die mense van Hermanuspietersfontein Boerdery leer ons dat die kwaliteit van jou produk en jou entoesiasme daarvoor is wat dit internasionaal laat verkoop, en nie jou pseudo-Engelse identiteit nie. Ek dink mense oor die wêreld het verveeld begin raak met grys globale produkte. Ons wil nie meer deur die wêreld reis en net Engels praat en Amerikaanse kitskos eet nie – ons het behoefte aan produkte wat eie aan streek en kultuur is en weer iets eksoties aan ons huishoudings bekendstel. Dalk is dit juis die aar wat Hermanuspietersfontein se wyne raakbaar. Hulle bemerking is volhoubaar omdat hulle produkte integriteit het – dis eg Afrikaans, Suid-Afrikaans, word met inagneming van omgewingsbewaringsbeginsels geproduseer en is van hoogstaande kwaliteit.

Hopelik leer ander kelders en besighede uit die voorbeeld en word meer van ons Afrikaanssprekendes eerder ambassadeurs van ons taal, as om die begrafnis daarvan te probeer reël.

(In dieselfde trant het ons al van ons Suid-Afrikaanse wyn wat in Nederland gebottleer word en deur die Nederlanders Afrikaanse name gegee word, raakgeloop. So het ons al 'n bottel Suid-Afrikaanse wyn in Nederland gekoop met die naam **Baie Dankie** of selfs **Nie Vergenoeg Nie!** –AdeS)

Taaltoffies

A. Vergroot jou woordeskat

Obsternaat

1. 'n spesialis wat babas in die wêreld bring
2. 'n koppige, eiesinnige mens
3. 'n naat wat teen die grein gestik moet word

Ysingwekkend

1. wanneer dit sneeu
2. 'n ou yskas wat nie gereeld ontdooi word nie
3. dit maak mens bang

Ydeltuit

1. verwaande, koketterige, ydel vrou
2. deftige soort tregter
3. wanneer mens jou lippe tuit om mooier te lyk

Inkennig

1. 'n sinoniem vir skaam
2. wanneer iemand feitlik geen ken het nie
3. wanneer iemand nie sy kennis wil deel nie

B. Gee die Afrikaans vir

Fracking
Stunning / Awesome

EUGÈNE MARAIS STIGTING

Sedert ons in Augustus verlede jaar die geleentheid gehad het om die Eugène Marais Stigting (in konsepvorm) met die VVA te deel, is dit dalk tyd om die huidige stand van sake bekend te maak.

Ons het in September, met die vriendelike hulp van onder andere die VVA, 'n elektroniese meningspeiling van stapel gestuur om die vatbaarheid van só 'n Stigting te bepaal. Die terugvoer was oorweldigend positief, en die meerderheid van die respondente het die Stigting gesien as 'n literêr-historiese instansie (teenoor opvoedkunde en/of toerisme). Talle respondente het ook heel spontaan hulp en kundigheid aangebied!

'n Bestuurskomitee het kort daarna begin om maandeliks in die Paarl bymekaar te kom om gestalte te gee aan die konsep. Die komitee bestaan uit lede met die nodige kundigheid om kwessies soos algemene bestuur, fondsinsameling, finansiële bestuur, regsaspekte, restourasie en bemaking die hoof te bied.

Tans is die formele samewerking van sowel die eienaars van die eiendom (waar Eugène Marais in 1875 gematrikuleer het) asook die Hoër Jongenskool Paarl feitlik afgehandel, en fondsinsameling geniet tans prioriteit.

Daar was ook 'n werksessie met sowat twaalf kundiges van uiteenlopende gebiedsvakke om te bepaal of die Stigting voldoen aan die vereistes om die toekoms met oortuiging te betree. Daaruit voortvloeiend was dit bemoedigend om te sien hoe hierdie konsep byval gevind het by deelnemers aan die sessie.

Intussen het ons ook aandag geskenk aan 'n embleem, wat (kortliks) die “voortbestaan en groeiproses” van die Stigting (en die Marais-nalatenskap uitbeeld.) Dit sluit ook aan by die omskrewe doel van die Stigting: Die doel van die Eugène Marais Stigting is om Eugène Marais se lewe en werk, wat bydraes op uiteenlopende lewensterreine insluit, meer toeganklik te maak vir soveel mense as moontlik. In die besonder behels dit die behoud en bekendstelling van sy geskryfte oor aktuele sake van die dag, asook sy literêre en natuurwetenskaplike nalatenskap. Dit sal alles gedoen word op en vanaf die terrein van die Paarl First Class Public School (Eugène Marais Kampus) waar hy van 1884 tot 1887 skoolgegaan het.

Bogenoemde doel sal waarskynlik eeffe verkort word. Die volgende komiteevergadering sal in Augustus plaasvind, en items op die sakelyst is onder andere die vervaardiging van 'n dokumentêre film, fondsinsamelingsaksies, die finalisering van die ter stigte Trust asook finale argitek- en restourasieopdragte.

2011 was grotendeels gewy aan deeglike en deurdenkte beplanning. Ons hoop van harte dat 2012 die nodige vrugte sal dra om gestalte te gee aan die nalatenskap van hierdie geniale Suid-Afrikaner.

Enige navrae kan gerig word aan dr Niël du Toit : creata@iafrica.com of Heini Kotze: heini.kotze@gmail.com

Festival voor het Afrikaans (17-19 Juni in Amsterdam)



Litnet vertoon hierdie foto van taalmanne Wannie Carstens en Willem Botha tussen ons skone Frans-Afrikaanse skryfster, Marita van den Vyver geneem tydens die afgelope fees in Amsterdam. (Party mense is ook altyd gelukkiger as ander!)

Volgens alle aanduidings was hierdie Afrikaanse fees in Amsterdam 'n groot sukses. Kunstenaars soos David Kramer, Amanda Strydom, Gert Vlok Nel, Niël Rademan, Chris Chameleon, Breyten Breytenbach en Ronelda Kamfer het Afrikaans laat weerklink oor die gragte. Dr Michael le Cordeur, dosent aan die US en ondervoorsitter van die ATR het die mense inspireer met sy oproep dat almal wat Afrikaans praat moet “handevat vir Afrikaans” (*Die Burger* 2011/06/19).

Joris Cornelissen verdien dank vir sy harde werk om hierdie fees te organiseer. Wie weet wie sien mekaar volgende jaar hierdie tyd in Amsterdam vir die volgende Afrikaanse fees daar? (-AdeS)

Taknuus

Helderberg-tak:

Hierdie baie lewendige tak van die VVA het op 15 Junie 2011 'n fondsinsamelingsfunksie gehou met die bekende Dine van Zyl as gaskok. Boonop was Ollie Viljoen daar om hulle te trakteer met staaltjies en sy wonderlike trekklaviermusiek.

Kleinmond-tak:

Ons tak anderkant die berg bied op 11 Augustus 'n verskeidenheidskonsert aan wat gewoonlik groot aftrek kry op 'n dorp met ongeveer 34 kultuur- en sportorganisasies! Op openbare aandrang sing hulle ook elke jaar op hierdie aand heerlik saam aan bekende Afrikaanse liedjies.

Soweto-tak:

Victor Khambule was op 17 Junie by ons Algemene Jaarvergadering op Stellenbosch. Ons luister elke jaar met hoeveel entoesiasme hy vir mense in Soweto Afrikaans leer. 'n Plaaslike skool stel 'n klaskamer daarvoor tot sy beskikking. Ons het hom huis toe gestuur met 'n hele sak vol boeke wat hy na goeddunke kan gebruik en versprei. Terloops, hou Kwêla dop vir 'n insetsel oor hierdie tak!

Paarl-tak:

Op 8 Julie bied die tak saam met die NHSV Paarl 'n kooruitvoering van die TUKS Camerata in die Ned. Herv. Kerk in Zionstraat aan. Kontak Elsa Olivier by 021 863 3839 vir meer inligting.

Ons is baie hartseer om te verneem dat hierdie tak wat sestien jaar gelede deur prof Johan Combrink gestig is, nou ontbind gaan word. Ons wil die huidige voorsitter, mev Elsa Olivier, en haar bestuur bedank vir jare se diens in die Paarl. Daar is deur die jare menige boekbesprekings, kooraande en koffiehuis-konserte gereël. Baie van die skole in die Paarl het gebaat by boekpryse wat jaarliks deur die tak uitgedeel is. Maar, die hoop beskaam nie. Miskien is daar in die toekoms weer so 'n groep vurige Afrikaanssprekendes wat gewillig is om voor te vat. Intussen, alles van die beste vir die bestuur en nogmaals baie dankie vir jare se onbaatsugtige diens aan Afrikaans.



Ollie en Dine kuier by die Helderbergtak

Boekenuus

'n Mylpaal vir die Afrikaanse vaktaal

Dictionary for the Health Sciences / Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe deur prof J de Villiers Lochner.

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is in die 1950's by die Universiteit Stellenbosch gestig en prof Lochner het toe daar studeer. Op daardie stadium was daar slegs 'n Afrikaanse Fisiologie-handboek beskikbaar en die res was Engels.

Hierdie situasie het prof Andries Brink besiel om Afrikaans as vaktaal te vestig en hy het 'n taalkomitee vir dié doeleinde gestig. Die Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme was die uiteinde van hierdie poging. Daar is teruggegaan na die Griekse en Latynse stamwoorde en die vaktaal is gekonsolideer.

Prof Lochner en sy span het nege jaar gelede begin om prof Brink se monumentale werk by te werk en die resultaat is die nuutste toevoeging tot die Afrikaanse vaktaal van die Gesondheidswetenskappe, wat oor 'n periode van 90 jaar tot stand gekom het. Daar is besluit om die titel te verander omdat die term gesondheidswetenskappe meer omvattend is.

Baie geluk en baie dankie vir hierdie enorme werk. Afrikaans en sy mense kan nie begin om u daarvoor te bedank nie, prof Lochner! (-AdeS)

Vra Vriendelik vir Afrikaans

Musiek op die Kaapse Vlakte -klanke van hoop.

deur Thérèse Hulme

In bendebedrywige Heideveld draai ek tussen “die courts” (die troswoonstelle so kenmerkend van die Kaapse Vlakte) af na die laerskool se parkeerterrein. Dis warm. Op die speelgrond staan die kikoejoe heuphoogte. Op 'n gebreekte betonblad jaag twee klein seuntjies mekaar. En dan hoor ek dit. Koormusiek. Dit kom van die verste gang. Ek loop al agter die klank van kinderstemme aan, sterker en sterker, Halala Halala Ewig is ons Afrika. Dan stoot ek die deur oop. Een van die Music Therapy Community Clinic se terapeute lei die koor van sowat vyftig kinders. Die gesiggies straal. Voordat die MTCC gekom het, was daar geen koor hier nie. Dis byna ondenkbaar.

Tracey (10) met boksterte fluister vir my : “*Ek wietie wa ek sou gewies het as dit nie vi die koor was nie... dis of ons een familie is*”.

Langsaan drom 'n groep tienerseuns om twee marimbas. Hulle het oor 'n paar jaar lank dié instrumente leer bemeester met die hulp van gemeenskapsmusikante van die MTCC . Die donker marimba-akkoorde dring deur my been. Waar sou hierdie mooi jong seuns gewees het as dit nie vir die MTCC was nie? Definitief op die straathoeke, deel van die bende-en-dwelm scene, vertel hulle my.

Die MTCC is 'n organisasie wat reeds die afgelope nege jaar musiek in groepe maar ook individuele musiekterapie bied aan die Kaap se mees kwesbare kinders en hul sorggewers. Opgeleide musiekterapeute (almal met M-grade) bied gereelde individuele of groepsessies in verskeie kontekste: met kinders met HIV/Vigs, peuters in plekke van veiligheid, kleuters wat lang tye moet bly in die TB-hospitaal, kinders wat worstel met die effek wat geweld en misbruik op hul lewens gehad het...

Een ding is duidelik: die mense van die MTCC laat musiek betekenis en hoop bring waar woorde dikwels ontbreek of tekortskiet.

Die organisasie maak staat op donasies om hul verskeie programme met kwesbare kinders te kan voortsit. Kontak Alexanne of Juanita by 021 671 5196.



Die Heideveld-koor oefen luidkeels

Die mense van Radio Pretoria verdien lof vir taalgebruik

Ons kry die volgende brief van Johan Dorfling van Silverton, Pretoria:

Ek verwys na Neels du Plooy se mooi getuigskrif in Doendinge vir Afrikaans (Maart 2011) aan Kobus Wiese en sy twee medewerkers omdat hulle Afrikaans op Kyknet suiwer praat.

Nog mense wat lof verdien vir hulle keurige Afrikaans, is die personeel van Radio Pretoria. Nie net die omroepers nie, maar ook die ander personeellede handhaaf 'n hoë standaard van Afrikaans. Enigeen wat by Radio Pretoria besoek aflê, sal vind dat nie een van hulle enigsins Engelse woorde gebruik wanneer hulle Afrikaans praat nie. Tog is hulle goed onderleg in Engels en wanneer 'n Engelssprekende hulle besoek, word hy/sy gulhartig en gasvry in Engels ontvang.

Met waardering

Johan Dorfling, Pretoria

Floumakoue en Pronkpoue

Pronkpoue

Ons pronkou-toekenning gaan hierdie keer aan die hengelydskrif Stywe Lyne/ Tight Lines, hulle redakteur Etienne Kriel (etienne@stywelyne.net) en hulle taalredakteur, Elfriede Ainslie. Ons het die volgende briefie aan hulle geskryf:

Hallo Etienne

Ek moet bieg dat ek eergister in 'n dokter se spreekkamer uit pure verveling die tydskrif Stywelyne/Tightlines opgetel het. Wat 'n beloning was dit nie!

Buiten die feit dat dit 'n tweetalige tydskrif is, het die Afrikaans daarin my asem weggeslaan. Ek weet niks van visvang nie, maar het geleer van voerderhengelaars, paalhengelaars, spesie-hengelaars en halfmaanpapgooiers! Van watergras en snotterbelle waarin jou lyn verstrengel raak. Van 'n driekol-ghieliemientjie, 'n glasie, 'n silwerrower, 'n arendrog en 'n mosselkraker. Etienne, ek het lanklaas so lekker geles aan enige tydskrif.

*In ons kwartaallike nuusbrief, Doendinge vir Afrikaans, ken ons die titel **Pronkpou** (die teenoorgestelde van 'n **Floumakou**) toe aan mense wat Afrikaans eer aandoen. In ons volgende uitgawe sal jy en julle tydskrif hierdie toekenning ontvang. Baie dankie vir die ooglopend baie moeite wat julle doen om Afrikaans keurig te gebruik en uit te bou. (Ons sal vir jou 'n kopies aanstuur.)*

Stywe lyne!

Amanda

Dis die moeite werd om hierdie tydskrif 'n keertjie te koop net vir die mooi Afrikaans. Nogmaals baie dankie aan die redaksie.

In die dieselfde asem gaan ons **Floumakou-toekenning** hierdie keer aan alle Afrikaanse wynboere en wynlandgoedere wat Engelse name vir hulle wyne en kelders kies. (Lees *My sê* deur Alana Bailey in hierdie uitgawe).

'n **Pronkpou** ook aan die Hermanuspietersfontein-kelder naby Hermanus vir hulle pragtige Afrikaanse etikette met wyname soos *Bloos*, *Kleinboet* en *Swartskaa!* (-AdeS)

Voortrekkermonument Gedenktuin

Die Voortrekkermonument doen werk van onskatbare waarde vir die bewaring van ons kultuur-erfenis.

Ons het 'n pragtige Gedenktuin wat 'n veilige alternatief vir die swak toestand van die begraafplase in Suid-Afrika bied. Met die aankoop van 'n nis kry u 'n laaste rusplek in 'n kultuurvriendelike omgewing, én u gee 'n bydrae vir die belangrike werk wat ons doen.



Die Voortrekkermonument Gedenktuin: 'n Veilige kultuurvriendelike omgewing vir die plasing van stoflike oorskot, of ter herdenking aan 'n geliefde. Onbeperkte bewaringstyd.

Navrae: Lidia Hendriks - 082 564 4840
of bemaking@voortrekkermon.org.za

Afrikaans staan sy man!

Haai Amanda

'n Vriend van my is deel van 'n groep arbeidsregpraktisyns oor die wêreld wat 'n internasionale arbeidsregdiens aan maatskappye aanbied.

As jy op die webwerf ingaan (<http://leglobal.org/>) is dit mooi om te sien dat hoewel Suid-Afrika nie een van die lande is wat gedek word deur die groep se ekspertise nie, Afrikaans wel een van die tale is waarin jy bedien kan word (<http://leglobal.org/people/>).

Groete

Gert Scholtz

*Opname oor
taalmonumente
in Suid-Afrika*

Hoeveel taalmonumente is daar in Suid-Afrika? Dit is die vraag wat die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl graag wil beantwoord met nasionale opname.

Annemarie van Zyl, navorser by dié instelling, het al heelwat inligting ontvang sedert die afskop van die opname in Julie 2010.

“Ons het baie goeie reaksie gehad en is nou al bewus van nie minder nie as 20 taalmonumente. Die meeste van hierdie monumente is opgerig in 1975, bekend as

Singende kinders is gelukkige kinders!

Is jy bekommerd dat ons kinders nie meer in Afrikaans sing nie? Hier is jou kans om 'n pragtige musiekboek plus 'n CD te koop vir die laerskool of speelskool in jou buurt.

Tans skenk en versprei Helpende Hand die volledige pakket (boek en CD) aan Afrikaanse laerskole en kleuterskole, deur middel van Helpende Hand vrywilliger-gedrewe takke. Hierdie projek word oral met groot waardering ontvang en die terugvoer is allerweë baie gunstig.

Die volledige pakket is beskikbaar @ R120 by Irma Liebenberg 082 9789798 of irmalieb@gmail.com. Daar is ook sekere Helpende Hand Vrouetakke wat die produk te koop aanbied as 'n fondsontwikkeling projek ter versterking van takfondse – in u omgewing kan u gerus kontak maak met Anne-Marie de Bruyn die Voorsitter van die Mosselbaai-tak, haar kontakbesonderhede is: annamdeb@gmail.com of 044 690 4318 / 084 5001 351.

Taalfeesjaar."

Van Zyl beskik reeds oor heelwat foto's en beskrywings wat op die webwerf www.taalmuseum.co.za gepubliseer sal word.

Sy het verneem van monumente op Ventersdorp en Trompsburg, maar kon geen bevestiging daarvoor kry nie. Enigeen wat verdere oor inligting oor hierdie of ander taalmonumente in Suid-Afrika beskik, kan vir Annemarie van Zyl kontak by tel. 021 8723441 of e-pos stuur na:

navorsing@taalmuseum.co.za.

BOERE COMPUTER DICTIONARY FROM SOUTH AFRICA

Hierdie kostelike lys het die afgelope tyd op die internet gesirkuleer onder die opskrif: **Only a South African will understand it!** Ons het die definisies van die woorde vertaal en hoop ons lesers geniet dit ook. (-AdeS)

- Monitor** Hou jou oog op die braai
Download Laai die hout van die bakkie af
Hard drive Trippie oppad huis toe sonder koue bier
Keyboard Waaraan jy jou bakkie se sleutels ophang
Window Wat jy toemaak as jy koud kry
Screen Wat jy toemaak gedurende die muskietseisoen
Byte Wat muskiete doen
Bit Wat muskiete gedoen het
Mega Byte Wat muskiete by die dam doen
Modem Wat jy doen wanneer die gras lank is
Dot Matrix Oom Jan Matrix se vrou
Laptop Waar die kat slaap
Software Plastiek messe en vurke wat jy by KFC kry
Hardware Regte vlekvrystaalmesse en vurke wat jy by Checkers kry
Cursor 'n Ou wat baie vloek
Search Engine Wat jy doen wanneer die bakkie nie wil ry nie
Yahoo Wat jy sê as die bakkie uiteindelik weer ry
Online Wanneer die wasgoed opgehang is
Off Line Wanneer die pennetjies nie die wasgoed ordentlik vashou nie.



Helpende Hand Beurse

Ons beursfonds het op 3 Mei geopen en sluit weer op 31 Oktober 2011 vir studiehulp vir 2012. Kontak gerus vir Melani Gerber by 012 644 4428 of stuur 'n e-pos na: melani@helpendehand.co.za om 'n nuwe aansoekvorm te bekom. U kan ook deurentyd skenkings maak aan die Afrikaanse Beursinstituut om sodoende saam te bou aan 'n jongmens se toekoms.

Nuus oor die Afrikaanse Taalraad

Die Bestuur van die ATR bestaan tans uit: Wannie Carstens (Voorsitter), Michael le Cordeur (ondervoorsitter), Karel Prinsloo, Amanda de Stadler, Alana Bailey, Christo van der Rheede, Hennie de Wet, Gerrit Brand, Pi rre Theron, Hendrik Theys, Waldy Kastoor, Anzil Kulsen, Karen Hauman, Danny Titus, Jacques van der Elst (HUB), Dione Prinsloo (noordelike ko rdineerder) en Ria Olivier (suidelike ko rdineerder).

Die ATR-kantoor is tans gevestig by die Akademie in Pretoria.

Die ATR het die afgelope jaar baie blootstelling gekry: Kyknet, RSG, onderhoude met joernaliste, persverklarings en suksesvolle intervensies (bv. Raad op Finansi le Dienste en die Vereniging van Finansi le Tussengangers is oortuig dat hulle eksamens wel in Afrikaans afgel  mag word). Tans maak mnr Cerneels Lourens in opdrag van die ATR 'n hofspraak teen die staat oor die diskriminerende toekenning van die Fundsa Lushaka-onderwysbeurse.

Die ATR is die sambreelorganisasie vir organisasies wat gemoeid is met Afrikaans. Die ATR het heel bepaalde take. Een daarvan is om kontak te maak met die buiteland. Dit het gelei daartoe dat die Nederlandse Taalunie Afrikaans amptelik onder sy vleuels geneem het en dat daar van 17-19 Junie 2011 'n baie suksesvolle Afrikaanse fees in Amsterdam, Nederland gehou is.

Een van die belangrikste projekte van die ATR is die **Taaloudit** (onder leiding van dr. Karel Prinsloo) wat deur die SA Akademie van Wetenskap en Kuns geadminestrer en gehuisves word. Tydens die afgelope direksievergadering wat op 10 en 11 Maart 2011 in Stellenbosch gehou is en die VVA die gasheer was, het dr Prinsloo die afgehandelde **Kerkoudit** bekendgestel. (Dit is te koop by die SA Akademie.) Op Vrydagmiddag 11 Maart en Saterdagoggend 12 Maart 2010 het die ATR 'n Jeugberaad gehou in die Kweekskool van die US. Sowat 60 studente het dit bygewoon. 'n **Jeugtak** van die ATR is daar gestig en 'n konferensie is op 18 Junie 2011 gehou.

Die navorsingskomitee van die ATR onder leiding van dr Karel Prinsloo het op 3 Junie 2011 op die OR Tambo-lughawe vergader. Die doel van die samespreking was om te bepaal hoe die hersiening en bywerking van die ATR se taalstrategie ten beste aangepak kan word.

'n E-nuusbrief, die *Koker*, word re lmatig aan lidorganisasies gestuur met inligting oor die w reld van Afrikaans.

Die AJV van die ATR is op 3 Oktober 2011 in Bloemfontein.

Enigste oorblywende Afrikaansmediumskool in die suidelike voorstede van Kaapstad

deur Jacques Pratt (Graad 6-leerkrag)

Laerskool Simon van der Stel in Wynberg is die enigste oorblywende Afrikaansmediumskool in die suidelike voorstede van Kaapstad. Afrikaans is vir ons baie, baie belangrik en ons probeer alles in ons vermo  vir die behoud van ons pragtige taal!

Ons by Laerskool Simon van der Stel het besluit om ons eie kinders en inwoners van die gemeenskap te betrek by 'n leesprojek om lees by kinders aan te wakker, om lees weer LEKKER TE MAAK! Stories word aan leerders voorgelees. Ja, soos oumas en moeders dit in my kinderjare gedoen het en vandag steeds behoort te doen. (Sien foto op agterblad)

Ons maak van ons goeie lesers gebruik om vir ander, in ander grade wat sukkel met lees, voor te lees en te help. Dan maak ons ook van afgetredenes in die gemeenskap gebruik om vir ons leerders te kom voorlees. Dit geniet die leerders vreeslik baie!

Ek haal graag die volgende aan uit die voorwoord van ons Junie 2011-skoolkoerant: "Om te kan lees, is seker die grootste bate wat enige persoon kan h , want daarsonder is jy eintlik niks nie. Sonder lees kan jy nie padtekens verstaan nie, nie instruksies volg nie, nie oplees oor iets om 'n gesprek te voer nie, nie eens 'n selfoon of 'n rekenaar suksesvol hanteer nie en jy sal nie kan leer nie."

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die liefde vir lees, net soos dissipline, tuis aangeleer moet word. Dit gebeur nie vanself nie. Die rol wat skole speel, is 'n voortsetting van dit wat ouers by die huis vir hul kinders aanleer, skryf ons skoolhoof, mnr. E.L. Kasner.

Ons is ook besonder bevoorreg om Kolonel Ernst Muller, oud-ouer van ons skool en iemand wat 'n geweldige passie het om die liefde vir lees by kinders te bevorder, deel te maak van hierdie projek. Hy gee graag die volgende raad aan ouers:

- Lees elke aand vir jou kind 'n slaapydstorie.
- Gee vir jou kind boeke as geskenke.
- Speel speletjies terwyl jy rondry - selfs 'n kind van 2 of 3 jaar oud kan handelsmerke (logo's) van besighede en restaurante soos McDonalds herken.
- Skryf letters of woorde gedurende badtyd met 'n afwasbare pen op die te ls.

Verder het ons 'n Opvoedkundige Sielkundige, me Marinique Malan, wat ook 'n belangrike deel uitmaak van ons leesprojek. Sy bied leeskursusse aan en ons leerders vind ontsaglik baat daarby!

Ons kook in Afrikaans!

TAALTOFFIE - OPLOSSING

A. Vergroot jou woordeskat

Obstinaat - 'n koppige, eiesinnige mens

Ysingwekkend - dit maak mens bang

Ydeltuit - verwaande, koketterige, ydel vrou

Inkennig - 'n sinoniem vir skaam

B. Gee die Afrikaans vir

Fracking – breking, skaliebreking

Stunning / awesome-
asembenemend, ongelooflik,
asemrowend, fantasties, uit die
boek, skitterend, manjifiek



'n Groepie graad 6-leerders saam met mev. Hermien Prins wat 'n storie vir hul voorgelees het. Mev. Prins is self die skrywer van ongepubliseerde kinderstories.

Sy wag nog net vir die regte uitgewer om haar stories op te raap!

Nuwe Raad van die Afrikaanse Taal museum en Taalmonument bekend gemaak

Die Minister van Kuns en Kultuur het pas die nuwe Raad van die Afrikaanse Taal museum en Taalmonument bekend gemaak vir sitting tot 2014. Die Raad is:

Prof WAM Carstens, dr MLA le Cordeur, prof J Bredenkamp, prof E Kotze, prof A Krog, prof G Olivier, dr J Rossouw, mnr M Sabela en prof Hein Willemse.

www.bedstop.co.za

Retha Els herinner ons aan die webtuiste www.bedstop.co.za die enigste webtuiste in SA wat elke dorp in die land gelys het vir akkommodasie. Retha self het 'n gastehuis op 'n melkplaas in Kroonstad (Zoutspruit Gastehuis) wat ook op bg. webtuiste gelys is. Plak dit teen die yskas op vir wanneer julle weer die langpad moet vat. (-AdeS)

**Laat weet ons asseblief van enige adres-
veranderinge, en ook as u die nuusbrief liever
per e-pos wil ontvang. As u sou wou, kan u
Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.**

KOOPDINGE in AFRIKAANS

Die volgende items is by die kantoor te koop:

- 1 **CD: Ou Vriende** (Dubbelalbum) van Afrikaanse kunstenaars en kore teen R100.00
- 2 **Boek: Dae uit ons Geskiedenis** teen R230.00
- 3 **Voetslaankaart van Tafelberg** teen R20.00
- 4 **Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160.00
- 5 **DVD: Die Leeu van Wes-Transvaal - Generaal Koos de la Rey** ('n dokumentêr) teen R100.00
- 6 **CD: Vespers van Rachmaninof in Afrikaans** teen R120.00
- 7 **Basic Afrikaans - the top 1 000 words and phrases** teen R99.95.

(R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehef word vir posgeld en verpakking.)